higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEKENKANTOORPROSEDURES EN TEGNIEKE

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(12050713)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Doen ALLE tekeninge, sketse en diagramme met potlood.

5. Vryhandtekeninge, -sketse en/of -diagramme moet netjies, redelik groot, in verhouding en volledig van byskrifte voorsien wees.

6. Trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.

7. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

8. ALLE afkortings en simbole moet voldoen aan die jongste Nasionale Bouregulasies en alle toepaslike SANS (SABS) -kodes.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEPLANNING EN ONTWERPSPESIFIKASIES

1.1 Kies die korrekte woord uit die opsies wat tussen hakies gegee word om die onderstaande sin te voltooi. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

(Ergonomie, Antropometrie) is die wetenskaplike navorsing t.o.v. die doeltreffendheid van werkers binne hulle werksmilieu en van probleme wat daarmee saamhang;. (2)

1.2 Maak 'n vryhandtekening in die regte verhouding, en toon SES van die gemiddelde afmetings van 'n volwasse vrou. Gee ook die mate. (8)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die gemiddelde lengte van vroue is groter as die gemiddelde lengte van mans.

2.1.2 Argitekte moet antropometrie oorweeg wanneer hulle 'n gebou ontwerp.

(2 × 1) (2)

1.4 Noem DRIE hoofkategorieë waarin rolstoele verdeel kan word. (3)

1.5 Noem VIER kategorieë waarin werksvlakke verdeel kan word. (4)

1.6 Voltooi die onderstaande sinne deur die ontbrekende woord uit die onderstaande lys te kies en die antwoord langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.3) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

mense met gestremdhede; 100 mm; 150 mm; 1 000 mm; toilet; opwasbak; bad; maneuver; beweeglikheid; gemaklik; deuropeninge; gange; 2,27; riete; 900 mm

'n Toegangsvriendelike omgewing omgewing sal 'n rolstoel in staat stel om (1.6.1) ... in die toiletarea in te pas. Dit beteken dat die gebruiker in staat is om maklik om die toilet en wasbak te (1.6.2) ...

'n Minimum binnedeurgrootte van (6.1.3) ... behoort in die meeste geboue gebruik te word.

(3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 2: TEKENKANTOORORGANISASIE

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die doel van 'n onderhoud vir die pos van 'n leerling in die tekenkantoor behoort te wees om die inisiatief en gesindheid van die aansoeker vas te stel.

2.1.2 'n Tekenkantoorbestuurder moet in staat wees om besluite te neem, dikwels op baie kort kennisgewing, en bereid te wees om 'n besluit te verander as dit duidelik word dat dit foutief is.

2.1.3 'n Goeie bestuurder sal weet watter lede van die personeel die toppresteerders is en watter lede weinig meer doen as om ruimte te beset.

2.1.4 Dit is belangrik om te begryp dat jou personeel mense is met lewens weg van die kantoor af.

(4 × 1) (4)

2.2 Maak 'n volledig benoemde vryhandtekening in die regte verhouding om die interne kommunikasiekanale in 'n tekenkantoor aan te dui – van die direksie aan die bopunt tot die beamptes aan die onderpunt. (10)

2.3 Noem DRIE administratiewe take wat 'n tekenkantoorbestuurder moet onderneem. (3 × 2) (6)

[20]

VRAAG 3: GESONDHEID EN VEILIGHEID VAN 'N TEKENAAR

3.1 Waarvoor staan die akroniem VGO? (3)

3.2 Noem NEGE grondbeginsels met betrekking tot gesondheid en veiligheid in die werksplek wat in die basiese oriënteringskursus vir gesondheid en veiligheid vervat is. (9)

3.3 Noem die stappe wat gevolg moet word wanneer 'n persoon in die werksplek verstik, as die beseerde in die volgende toestand verkeer:

3.3.1 By sy/haar bewussyn (6)

3.3.2 Bewusteloos (4)

Kopiereg voorbehou

3.4 Maak vryhandtekeninge in die regte verhouding van die volgende veiligheidstekens wat teen die volgende gevare waarsku:

3.4.1 Risiko van 'n hanglas

3.4.2 Metaanrisiko

3.4.3 Risiko van gladde trappe

3.4.4 Werkers bogronds

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 4: MEETINSTRUMENTE EN -TOERUSTING

4.1 Maak 'n vryhandtekening in die regte verhouding van elk van die volgende:

4.1.1 Die skarnierpasser met byskrifte (5)

4.1.2 Metingoordrag (2)

4.2 Maak 'n benoemde vryhandtekening in die regte verhouding van elk van die volgende:

4.2.1 Die veertipe binnemeetpasser

4.2.2 Die metode waarvolgens hierdie meetpasser in die boorgat geplaas word.

(2 × 6) (12)

4.3 4.3.1 Noem TWEE gebruike van binnemeetpassers. (2 × 2) (4)

4.3.2 Noem die gebruik van buitemeetpassers. (2)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou